
1JH 5:13 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [1]

E245

Oor die afgelope dekades word indringende vrae gevra na die aard van die kerk. Honderde boeke het veral sedert die sestigerjare van die vorige eeue oor die kwessie verskyn.

Soos met bykans alles in die lewe kan mens die vraag eenvoudig en kort antwoord; óf jy kan 'n lang en ingewikkelde antwoord daarop gee.

Seker die eenvoudigste antwoord is dat die universele kerk die wêreldwye versameling van Christene deur die eeue is. Hierdie eenvoudige antwoord lei dan tot die vraag *wat eintlik gevra en beantwoord moet word: wat op aarde is 'n Christen dan?* Hieronder sal enige definisie van die kerk altyd wollerig bly; trouens, tot die mate wat ons begrip oor wat 'n Christen is dit mis het, tot daardie mate sal ons die kerk verkeerd verstaan. En tot daardie mate sal die kerk misluk om te wees wat dit moet wees, en sal dit uiteindelik beskaamd voor Jesus Christus moet staan.

Babelse verwarring

Wat op aarde is 'n Christen dus? Daar is beswaarlik 'n meer brandende vraag wat ons kan vra - veral vandag!

Waarom sê dis 'n brandende vraag? Amper driekwart van Suid-Afrika se mense vul op sensusvorme in dat hulle Christene is. Tog vier geweld, korrupsie en sedeloosheid hoogty in ons samelewing. In Ierland maak 'Christene' mekaar al vir dekades dood. In 'Christelike Europa' is dekadensie, perversiteit en kerkloosheid aan die orde van die dag. Die een kerk preek dat alle mense

gered word (of impliseer dit deur wat nié gepreek word nie); die ander dat net diegene in sý kraal die Here sal sien. En so kan voorbeelde van die Babelse verwarring vermenigvuldig word.

As almal wat hulleself in hierdie land Christene noem, inderdaad Christene sou wees, kan daar maar één slotsom wees: Christenskap is minder werd as 'n twaksak saagsels. Maar tog is daar ook derduisende hier in Suid-Afrika wat dag na dag verwonderd en dankbaar is oor die lewensveranderende impak van die Evangelie op hulle lewens. Hieruit kan net een onomstootlike slotsom volg: *nie naastenby almal wat op Christenskap aanspraak maak, is inderdaad Christene nie - in elk geval nie in die Bybelse sin van die woord nie.*

Dit is kardinaal belangrik om hierdie verwarring op te klaar

Dit is wesentlik belangrik om die verwarring op te klaar.

- Vals Christene is 'n struikelblok vir derduisende ongelowiges.
- Tot die mate wat daar vals Christene in 'n gemeente is, tot daardie mate sal so 'n gemeente minder wees as wat dit moet (Vgl. NGB29).
- Die onsekerhede oor hierdie saak open deure vir meer dwalinge en kultusse as wat mens kan tel.
- 'n Glasheldere begrip van wat 'n Christen is, is rigtinggewend vir die kerk se pastorale en evangeliseringswerk.
- Skrikwekkend baie mense leef in die waan dat hulle met God versoen is, terwyl hulle in werklikheid steeds onder Sy toorn verkeer.
- Daarenteen, vanweë hierdie verwarring, is daar ook duisende wat werklik gered is, maar geen

geloofsekerheid het nie. Dis tragies, want afgesien van die wroeginge wat dit meebring, werk dit verlamdend in op dissipelskap. Niks sneller oorfloedige Christenskap immers meer nie as gevestigde en nugtere sekerheid van redding en die vrymoedigheid wat dit voor die genadetroon meebring.

- En belangrikste van alles: God se Naam word skreiend oonteer deur mense en gemeentes wat onder Sy vlag vaar, terwyl hulle gladnie aan Hom behoort nie.

As daar één saak op die kerk se agenda behoort te wees, dan is dit om na die Woord van God terug te keer ten einde hierdie verwarring (en ander) op te klaar. Die Bybelse waarheid (en die implikasies daarvan) moet in die allerduidelikste taal uitgespel en kompromieeloos gepreek en uitgeleef word. Hierdie is 'n onontkombare verantwoordelikheid op die weg van elke sinode, elke gemeente, elke kerkraad, elke predikant, elke Christen.

Natuurlik sal dit 'n prys kos, maar reformasie was nog nooit goedkoop nie. Dis egter só aktueel en gewichtig dat ontduiking van hierdie saak neerkom op hoogverraad teen die Koning van die konings!

Enkele fundamentele vertrekpunte

- Die eerste uitgangspunt is dat *die Bybel* die enigste norm is in ons soeke na wat 'n Christen is. Sonder so 'n objektiewe, vasstaande standaard, dryf ons ankerloos in 'n see van menslike opinies rond. Die woord "Christen" (Gr. *Christianos*) kom weliswaar net drie maal in die Nuwe Testament voor (Hd 11:26; 26:28; 1Pt 4:16), maar die saak word op bykans elke bladsy genoem en op dosyne maniere beskryf. Dit is die materiaal waarmee ons moet werk.
- As 'n Christen gedefinieer moet word, is die eerste neiging om dadelik te begin beskryf wat hy alles doen en nalaat. Dis egter 'n onfeilbare resep om gou-gou in 'n doolhof van haarklowery te beland.

Wat en hoeveel is genoegsaam om 'n Christen te word, om een te wees, om een te bly? Waar is die grens tussen die egte en die namaaksel? Hoeveel hare maak 'n baard?

- Soos maar altyd, is dit hier ook noodsaaklik om reg te begin. Dit beteken dat begin moet word waar die Bybel begin: nie by die mens nie, maar *by God* - by Sy soewereine en genadige inisiatief in 'n persoon se lewe. *Dit is God wat 'n sondaar in 'n ware Christen verander.*

Christene se ervaring bevestig dit. Watter man of vrou wat waarlik God se genade in Christus leer ken het, sou kans sien om die teendeel te verdedig? 'n Sondaar word nie 'n Christen deur in God se lig in te beur nie; hy word 'n Christen as God sy duisternis soewerein binnetree. C.S. Lewis het dit só gestel: *"Amiable agnostics will talk cheerfully about man's search for God. For me, they might as well talk about the mouse's search for a cat ... God closed in on me."*

Dit begin dus by God en by Hom alleen. Óf Hy doen dit, óf dit gebeur eenvoudig nie. Hoewel baie dit in onkunde en dwaasheid ontken, sal geen ernstige Skrifstudent betwis dat hierdie 'n Bybelse aksioma of grondbeginsel is nie. En só het die regsinnige kerk deur die eeue geglo en bely. Die groot belydenisskrifte is daar vir almal om te lees.

Hierdie handeling van God in 'n mens se lewe word op verskillende maniere in die Bybel beskryf. S Die mees algemene terme is "roeping" en "wedergeboorte". Dit dui op twee kante van dieselfde saak: "roeping" laat die klem val op dit wat God *doen* en "wedergeboorte" op die lewendmakende *effek* daarvan in die betrokke persoon. Ter wille van gerief sal laasgenoemde begrip hoofsaaklik van nou af gebruik word.

- Hieruit volg nog 'n fundamentele grondbeginsel. Wanneer die Drie-enige God van iemand 'n Christen maak, is dit nie bloot 'n rehabilitasieproses nie; dit is in die volste sin van die woord 'n *herskeppingsproses*. *Die verskil tussen 'n Christen en 'n nie-Christen is dus 'n wesensverskil, nie 'n*

graadverskil nie.

Christene is nie mense wat bloot hulle godsdienstige en morele sokkies 'n raps hoër opgetrek het as ander nie. Die Here gaan nie eendag die 144 000 wat die beste gevaar het as room vir Sy koninkryk afskep nie. Ons moenie dink in terme van die Comrades Marathon se elfuurstoetskoot nie: die laaste een maak dit met 'n halfseconde; die een na hom mis dit met 'n halftree. Nee, 'n duisend maal nee!

Die Christen en die nie-Christen behoort tot twee verskillende kategorieë, hulle leef in twee verskillende koninkryke. Iemand is óf wedergebore óf nog 'n natuurlike mens; hy is óf "in Christus" óf "in Adam"; hy is óf gered óf steeds onder die toorn van God - hy is óf 'n Christen, óf nie.

- Die sleutelvraag is dus nie wat 'n Christen *doen* nie, maar wat hy *is*. [Om dit meer tegnies uit te druk: die benadering moet *ontologies* wees, nie *fenomenologies* nie.] *Iemand is nie 'n Christen omdat hy op 'n bepaalde manier leef nie; hy leef op 'n bepaalde manier, omdat hy 'n Christen is.*

Dis waarom Paulus in sy briewe sonder uitsondering by die heilsfeite (indikatiwe) begin, by die dinge wat God vir en in mense doen, voordat hy oorgaan tot oproepe (imperatiwe) om heilig en gehoorsaam te lewe.

As hierdie orde omgekeer word, is ons terug op die trapmeul van menslike verdienste. Dan is die Christelike geloof net een van die godsdienste ("religions"), waarvan *Churchianity* waarskynlik die grootste is. Dis juis waarom die evangelie goeie nuus is. Die mens kan nooit na God toe opklim nie; God moet na hom toe afbuig. En presies dít, sê die evangelie, is wat gebeur het. Dis die wesensverskil tussen die Christelike geloof en al die godsdienste van hierdie wêreld.

- As daar dan 'n wesensverskil tussen Christene en nie-Christene is, beteken dit die Christen moet sekere eienskappe hê wat hoegenaamd nie in 'n nie-Christen bestaan nie. En hieroor swyg die Bybel nie. Dit verkondig klokheder, en weer en weer, dat God

se herskeppingswerk in sondaars 'n diep-ingrypende hartsverandering meebring, wat nie anders kan as om lewensveranderend te wees nie. *En dít is wat ons moet vasvat as ons 'n Christen wil beskryf.*

Maar eers moet ons na die herskeppingswerk, die wedergeboorte self, kyk.

"Sodat julle kan weet "

□ In sy eerste brief gee die apostel Johannes presies die antwoorde wat ons soek!

In 1Joh 5:13 (NAV) sê hy waarom hy die brief geskryf het: *"Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo."*

Soos daarom verwag kan word, gee Johannes kort-kort in sy brief karaktertrekke van egte Christenskap. So, byvoorbeeld, is daar sy "hy wat sê-tekste" (1:6,8,10; 2:4,6,9; 4:20).

Wat egter vir ons doel belangrik is en waarmee ons gaan werk, is 'n aantal tekste wat in eksplisiete terme die *merktekens van wedergeboorte* uitspel (2:29; 3:9; 4:7; 5:1; 5:4; 5:18)¹.

Hiermee volstaan ons vir die oomblik. Vorentoe behandel ons bogemelde merktekens een-een. Dan sal ons ook meer aandag aan die praktiese implikasies daarvan gee.

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115.

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za ; T: 012-808 3906

1. Dit is terloops ook die Skrifgegewens waarmee Art.29 van die N.G.B. werk as dit die lidmate van die ware kerk beskryf.